

SONDAG: 34

VRAAG EN ANTWOORD: 94

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat gebied God in die eerste gebod?			
Antwoord: Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery,	1	1 Korintiërs 6:10	Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensers of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diene of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie.
		1 Korintiërs 10:7	En wees ook nie afgodediensers soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.
		1 Korintiërs 10:14	Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens.
		1 Johannes 5:21	My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen.
towery, waarsêery, bygeloof,	2	Levitikus 19:31	Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die HERE julle God.
		Deuteronomium 18:9-12	As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie. Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan - wat met waarsêery, goëry of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit.
aanroeping van heiliges of ander skepsels,	3	Matteus 4:10	Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.
			of diene of geldgieriges of dronkaards of kwaadpratere of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.
			Julle moenie afgodediensers word nie, soos sommige van hulle oor wie daar geskrywe staan: "Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan en hulle aan uitspattighede oorgegee."
			Daarom, my geliefdes, moet niks met die afgodediens te doen hê nie.
			Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af.
			Moenie hulp soek by geeste of waarsêers nie. Dit sal julle onrein maak. Ek is die Here julle God.
			"Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, moet jy nie die afskuwelike praktyke van daardie nasies aanleer nie. Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie. Daar mag nie 'n besweerder by jou wees nie en ook nie 'n towenaar of iemand wat voortekens lees of 'n goëlar of 'n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie. Die Here het 'n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen. Trouens, dit is juis oor die afskuwelike praktyke van die Kanaäniete dat die Here jou God hulle in jou belang gaan verdryf.
			Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."

		Openbaring 19:10	En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.	Toe het ek voor sy voete op my knieë neergeval om hom te aanbid. "Pas op, moenie!" sê hy toe vir my. "Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges wat aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het. Aanbid God, want dit is Jesus wat die getuienis gelewer het, en dit is die Gees wat die profesie gegee het."
		Openbaring 22:8-9	En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.	Dit is ek, Johannes, wat dit alles gehoor en gesien het. Toe ek dit gehoor en gesien het, het ek voor die voete van die engel wat dit alles vir my gewys het, op my knieë neergeval om hom te aanbid. "Pas op, moenie!" sê hy toe vir my. "Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete en dié wat die woorde van hierdie boek ter harte neem. Aanbid God!"
vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken,	4	Johannes 17:3	En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.	En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.
Hom alleen vertrou,	5	Jeremia 17:5	So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.	So sê die Here: Daar rus 'n vloek op die mens wat sy vertrou in mense stel, wat sy krag soek by sterflike mense en van My af wegdraai;
		Jeremia 17:7	Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertrou die HERE is.	Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is;
my slegs aan Hom met alle nederigheid	6	1 Petrus 5:5	Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.	En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."
en geduld onderwerp	7	Romeine 5:3-5	En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.	Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.
		1 Korintiërs 10:10	En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom.	En moenie teen God in verset kom nie, soos sommige van hulle in verset gekom het, en hulle het deur die engel van die dood omgekom.

		Filippense 2:14	Doen alles sonder murmuring en teëpraak,	Doen alles sonder kla of teëpraat.
		Kolossense 1:11	en met alle krag bekragtig word volgens die mag van sy heerlijkheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydschap,	Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard.
		Hebreërs 10:36	Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry.	Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy belooft het.
en van Hom alleen alle goeie dinge verwag.	8	Psalm 104:27-28	Hulle almal wag op U, dat U hulle voedsel kan gee op die regte tyd. U gee dit aan hulle, hulle tel dit op; U maak u hand oop, hulle word versadig met die goeie.	Hulle is almal van U afhanklik, U gee hulle kos op hulle tyd. U gee, en hulle eet, U maak u hand oop, en hulle kry meer as genoeg.
		Jesaja 45:7	wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen.	Ek maak die lig en skep die donker; Ek gee voorspoed en skep rampspoed. Ek is die Here, Ek doen al hierdie dinge.
		Jakobus 1:17	Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.	Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelgigte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.
Ek moet Hom met my hele hart liefhê,	9	Deuteronomium 6:5	Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.	Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.
		Matteus 22:37	En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.	Jesus antwoord hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand.
vrees	10	Deuteronomium 6:2	dat jy die HERE jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooe wat ek jou beveel, te hou - jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word.	"So sal jy die Here jou God jou lewe lank kan dien en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooe wat ek jou gegee het, jy en jou hele nageslag, en dan sal jy 'n lang lewe hê.
		Psalm 111:10	Resj. Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; Sin. almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand. Tau. Sy lof bestaan tot in ewigheid.	Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig. Die roem van die Here hou altyd stand.
		Spreuke 1:7	Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.	Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag.
		Spreuke 9:10	Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand.	Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig.
		Matteus 10:28	En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.	Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.
en eer,	11	Deuteronomium 10:20	Die HERE jou God moet jy vrees, Hom moet jy dien en Hom moet jy aanhang en by sy Naam sweer.	Jy moet die Here jou God eer, Hom dien en aanhang, en wanneer jy 'n eed aflê, moet jy dit in sy Naam doen.

		Matteus 4:10	Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.	Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."
Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel	1 2	Matteus 5:29-30	As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.	"As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word. Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland."
		Matteus 10:37-39	Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.	"Hy wat sy vader of moeder liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie. Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie. "Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind."
		Handelinge 5:29	En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.	Petrus en die ander apostels het geantwoord: "n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!"